



AFRIKAANSE MISDAADFIKSIE BLOEI SEDERT 1994. WAT HET DAN VERANDER EN WAAR HET ONS LESERS DIE BLOED GERUIK?

# Bloed en ink – die gewildheid van misdaadfiksie

**V**ra jy “krimi”-skrywers na die rede vir die ongekende gewildheid van Afrikaanse misdaadfiksie antwoord hulle eenparig: Deon Meyer.

“Daar was ’n soort demokratisering en normalisering,” sê Karin Brynard. “Skrywers soos Deon Meyer en Dalene Matthee het as’t ware die pad vir gewilde, lekkerlees boeke in Afrikaans oopgeskryf.” Brynard het eweneens met romans soos *Plaasmoord*, *Onse vaders* en *Tuiskoms* lesers se nagte korter maak.

En Meyer stem saam oor die “normaliseringsproses” sedert 1994. “Misdad,” sê hy, “is nou net so gewild hier as in die meeste Europese tale.”

## BEVRYDING VIR DIE MISDAADROMAN

Jono Amid, wat besig is met sy doktorsgraad oor misdaadromans in Suid-Afrika ná apartheid, se studie toon die opbloeit het veral ná 2005 plaasgevind. “Dit was aanvanklik sterk Engels, maar deesdae baie sterker Afrikaans,” sê hy. “Demokrasie bring groter vryheid mee, wêreldwyd, om dié genre te ontgin.”

Maar op watter vlakke het Meyer nog bygedra? Mike Nicol, Engelse misdaadskrywer in Suid-Afrika, meen Deon het Afrikaans sexy gemaak, juis omdat hy internasionaal naam gemaak het. Dit is te danke aan die sterk sosiaal-politieke rigting wat Deon ingeslaan het, reken Mike. Sodoende het Afrikaanse misdaadromans wegbeweeg van die apartheidsjare-fokus op die individu.

Die dood van apartheid het ook die politieke juk van die polisie se skouers gelig. Daarmee saam is die

Afrikaanse letterkunde bevry en die betrokke roman is nie meer die enigste maatstaf vir goeie Afrikaanse leesstof nie, meen Karin.

Bettina Wyngaard, skrywer van onder meer *Vuilspel* en *Slaafs*, sê in Suid-Afrika “was daar beslis ’n skuif van ’n polisiemag na polisie diens, en tesame daarmee het daar ’n skuif in mense se persepsie van die polisie gekom”.

“Hulle is nou nie net meer die afdwingers van ’n moreel afstootlike regime nie, maar die helde wat die nuwe demokrasie in stand hou. Dit sal interessant wees om te sien hoe die persepsie van die speurder as feilbare held verander soos wat die huidige samelewing se ontugtering met die regime toeneem.”

## LOJALE AFRIKAANSE LESERS

Vir Irma Venter, wat reeds sedert 2012 se *Skoenlapper* boekwurms se adrenalienvlak opjaag, kan die groei in Afrikaanse misdaadfiksie gemeet word aan die getal subgenres wat – in lyn met internasionale neigings – drasties uitgebrei het: van sielkundige rillers, aksieverhale, romantiese spanningsverhale, noir en domestic noir tot hardgebakte spannings-, speur- en spioenasieverhale. “Dit beteken die genre lok nie net plaaslik nie, maar wêreldwyd meer lesers,” sê Irma.

Die skrywer van *Donker Spoor* en *Skuldig*, Martin Steyn, nóg ’n misdaadskrywer wat vinnig opgang gemaak het, is huiwerig om na ’n “ontploffing” in die Afrikaanse misdaadgenre te verwys. “Ek dink eerder die feit dat Afrikaans gegroei het, is te danke daaraan dat lesers skielik toegang het tot so ’n verskeidenheid sterk,

unieke misdaadstories in Afrikaans,” sê hy.

Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaanse lesers sit duidelik nie om dieselfde boek nie. Mike, wat daarop wys die Afrikaanse vertalings van sy boeke verkoop heelwat beter, sê Engelse lesers lees eers skrywers se boeke as dié oor die water welslae behaal het. Etienne Bloemhof, uitgewer by NB Uitgewers (Media24) wat Deon onder sy kliënte tel, beaam dit. Mike voeg by: “Meyer het bewys dat daar ’n Engelse mark in Suid-Afrika vir plaaslike misdaadromans is, maar hy moes op die rug van sy internasionale sukses ry. Gelukkig ly Afrikaanse lesers nie aan dieselfde snobistiese houding nie!”

Rudie van Rensburg, baasbrein agter onder meer die onlangse *Kamikazi*, meen die toenemende gewildheid van Afrikaanse misdaadromans is te danke aan lojale lesers. “Ek dink wel daar is minder Suid-Afrikaanse Engelse misdaadskrywers omdat hul binnelandse lesersmark nie plaaslike misdaadfiksie so goed ondersteun soos dit in Afrikaans die geval is nie,” sê hy.

Irma reken hoewel Afrikaanse lesers lojale is, beteken dit nie Afrikaanse skrywers hoef nie met internasionale skrywers mee te ding nie. Afrikaanse lesers kan volgens haar ewe maklik ’n Engelse boek optel. Daarom moet die skrywer op sy hoede bly en gehalte is die wagwoord. “Dis een van my doelwitte om Afrikaanse mense wat Engelse misdaadromans lees, na Afrikaans te bekeer,” sê sy.

## VÓÓR DEMOKRASIE?

So breedvoerig soos Afrikaanse misdaadskrywers sake deesdae aan hul lesers opdis, so yl was die landskap voor 1994.

“Daar was eintlik maar bitter min; in elk geval nie enigiets wat herkenbaar sou wees as misdaadfiksie soos ons dit nou verstaan nie,” sê Bettina. “Voor 1994 was daar meer spioendramas as speurdramas, met die staat as ’n karakter altyd iewers op die agtergrond.”

Die opbloei het volgens haar ook baie te doen met die gewilligheid onder skrywers om kaalvuis onder maatskaplike, sosiale en politieke kwessies in te klim. Verder word bruin en swart karakters ook positiewer uitgebeeld. Dit is juis die sosiaal-politieke aard van misdaadfiksie wat maak dat ons vandag op ’n heel ander bladsy is as onder die Nasionale Party-bewind, meen Rudie.

“Sedert 1994 het nie net die politieke landskap in Suid-Afrika drasties verander nie, maar het misdaadsyfers in die land die hoogte ingeskiet. En omdat misdaadfiksie ’n beeld ophou van hoe sake in ’n land staan, het die fokus van spioenasie-agente en Russe na spesialisspeurders en reeksmoordenaars en misdadigers

“EK DINK WEL DAAR IS MINDER SUID-AFRIKAANSE ENGELSE MISDAADSKRYWERS OMDAT HUL BINNELANDSE LESERSMARK NIE PLAASLIKE MISDAADFIKSIE SO GOED ONDERSTEUN SOOS DIT IN AFRIKAANS DIE GEVAL IS NIE.”

geskuif,” sê hy.

Karin weet nie hoe dit moontlik was vir misdaadskrywers om nie kritiek op die destydse politieke bestel te lewer nie. Skrywers was vasgevang tussen die duiwel en die diep blou ink. “Die *cops* het ’n baie negatiewe, openbare beeld gehad en dit was eenvoudig nie politiek korrek om goeie *cops* as helde te hê nie,” sê sy. “Selfs private speurders sou hulle teen die politiek moes vasloop omdat die polisie in daardie tyd deur die regering ingespan is om politieke opstand te onderdruk.”

Irma onthou nog die dae toe misdaadromans byna “onheilig” was en sy skelm *Klub707* gelees het. “Die verhale was wit, hipermanlik; met dom poppies wat rondtrippel en bloot die held se lakens deurmekaar maak. Seks was meestal ’n suggestie; vloek merendeels verbode,” sê sy.

Daarteenoor moet vandag se misdaadfiksie ’n hele klomp regmerkies kry om enigsins gelees te word: Dit moet genuanseerd en goed nagevors wees; met ’n sterk spanningslyn wat die demografiese en maatskaplike werklikheid van die land weerspieël.

“Onthou, in hierdie land het die ergste misdade al gebeur; dis nie verbeeldingsvlugte soos in talle ander lande nie,” sê Irma. “Afrikaanse verhale dra nog dikwels die wit held, maar nie nét die wit held nie. Die leser se alledaagse werklikheid kan nie van die boek s’n verskil nie. ’n Mens kan en wil nie in ’n vakuum skryf nie.”

## KATVOET VIR DIE KOOI

Maar hoe stomend is die seks in deesdae se Afrikaanse misdaadromans? Is dit my verbeelding of is onse skrywers steeds katvoet om hul helde in die kooi te kry?

“Só ’n vraag veronderstel dat seks dikwels, of meer, voorkom in ander tale se misdaadfiksie,” sê Deon. “Dit is ’n wanopvatting. Seks het nog nooit ’n noemenswaardige rol in enige taal se misdaadfiksie gespeel nie.”

Mike stem saam en voeg by: “Daar is ook weinig in

die werke van groot skrywers soos Elmore Leonard, George Pelecanos, James Ellroy, Ian Rankin, Henning Mankell, Tess Gerritsen, Louise Welsh, Ken Bruen of Lee Child, om maar 'n paar te noem.”

Martin sê hy het nog nooit 'n eksplisiete sekstoneel geskryf nie omdat daar nog nie 'n goeie rede voor was nie. Hy sal dit net doen as dit noodsaaklik vir die storielyn is. Etienne voeg al laggende by: “As ek dink aan die vrae wat gereeld uit die gehoor by boekbekendstellings opduik, sou 'n mens sweer ons misdaadfiksie wemel van die sekstonele!”

Karin skryf “soms” seks in 'n eerste konsepmanuskrip



in, maar vee dit weer uit. “Nié uit moraliteitsoorwegings nie, maar omdat dit nie goed genoeg is nie,” sê sy. “In die algemeen sê alle skrywers dit is 'n fyn kuns om goeie seks te skryf. Dit raak maklik kitsch of onrealisties.”

## NOG GROEI VOORSPEL

Almal is dit eens die blomtyd van Afrikaanse misdaadfiksie is nog lank nie verby nie. Etienne meen solank skrywers unieke invalshoeke vind, sal uitgewers misdaadboeke publiseer. “In die stormagtige tyd wat ons beleef, is inspirasie sekerlik nie moeilik om te vind nie,” voeg hy by.

Mike meen daar kan nog baie gedoen word om plaaslike misdaadfiksie uit te brei en verwys na 'n gerekende Britse resensent, wat onlangs na Suid-Afrikaanse misdaadfiksie verwys het as die “internasionale middelpunt” van die genre.

Volgens Jono is die genre so gewild, want “dit vermaak, bied sosiale kommentaar, herstel dikwels fiksionele orde en die herhalende karakters van boek tot boek maak skrywers hier vreeslik gewild”. Hy sien ook, soos Mike, ontginningsmoontlikhede – veral as dit by swart en bruin lesers kom.

Rudie is oortuig die hoofbestanddele – spanning, intrige, konflik, raaisels en kinkels – sal verseker dat lesers misdaad aanhou lees. Hy sien wel onweerswolke oor Afrikaans in die opvoedings-omgewing hang. “Afrikaans is onder ernstige beleg, en ek weet nie of daar 'n groot genoeg mark in die toekoms gaan wees nie; nie net vir misdaadfiksie-skrywers nie, maar Afrikaanse skrywers in die algemeen, om te gedy.”

Irma is opgewonde oor die vele subgenres wat nog verruim kan word, waaronder op militêre en mediese gebied, asook *cozy mysteries* soos *The Number One Ladies Detective Agency* wat sy “sitkamer-raaiselromans” doop.

Bettina verwag distopiese en wetenskapsfiksie as subgenres sal groei en selfs die ander verbystee.

Ook Martin sê omdat daar nog so baie moontlikhede is, sal lesers nie maklik verveel word nie. Die erkenning wat Afrikaanse misdaadfiksie kry, dra volgens hom by tot die groei.

“Afrikaanse misdaadfiksie sal groei en gedy solank dit by die goue reëls bly, naamlik 'n goeie storie wat goed vertel word,” sê Karin. “Dit bly internasionaal boaan die lys van topvermaak en ek meen dit sal in Suid-Afrika ook so bly.”

“Sou daar dus meer goeie werk gelewer word, sal die genre aanhou groei en standarde aanhou styg,” sê Deon. “Gehalte het nie 'n versadigingspunt nie.” ♡

DEUR THEO KEMP  
ILLUSTRASIE: LOUIS VAN DEN HEEVER